



# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

## Statistiek 113 (STK 113)

<b>Kwalifikasie</b>	Voorgraads
<b>Fakulteit</b>	<a href="#">Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe</a>
<b>Modulekrediete</b>	11.00
<b>Programme</b>	<a href="#">BAdmin Openbare Bestuur en Internasionale Verhoudinge</a> <a href="#">BCom Bemerkingsbestuur</a> <a href="#">BCom Ekon en Bestuurswetenskappe</a> <a href="#">BCom Entrepreneurskap</a> <a href="#">BCom Informatika Inligtingstelsels</a> <a href="#">BCom Menslikehulpbronbestuur</a> <a href="#">BCom Ondernemingsbestuur</a> <a href="#">BCom Voorsieningskettingbestuur</a> <a href="#">BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys</a>
<b>Diensmodules</b>	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
<b>Voorvereistes</b>	Geen voorvereistes.
<b>Kontaktyd</b>	1 tutoriaal per week, 3 lesings per week, 1 praktiese sessies per week
<b>Onderrigtaal</b>	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
<b>Departement</b>	Statistiek
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Semester 1



---

## Module-inhoud

STK 113 en 123 tel op sigself nie as krediet vir graaddoeleindes nie, maar verleen vrystelling van STK 110. Databewerkings en transformasies: Inleidende begrippe: die rol van statistiek, verskillende tipes data en die getalstelsel. Begrippe onderliggend aan lineêre, kwadratiese, eksponensiële, hiperboliese en logaritmiëse transformasies van kwantitatiewe data, grafiese voorstellings, oplossing van vergelykings en interpretasie. Bepaling van lineêre vergelykings in praktiese situasies. Eienskappe van logaritmiëse funksies. Die verwantskap tussen die eksponensiële en logaritmiëse funksies in ekonomiese en verwante probleme. Stelsels van vergelyking in ewewig. Addisionele begrippe van belang by dataverwerking, funksies en inverse funksies, sigma-notasie, faktoriaalnotasie, ry en reekse, ongelykhede (streng, swak, absoluut, voorwaardelik en dubbele) en absolute waardes. Beskrywende statistiek – Eenvariant: Steekproefneming en die insameling van data, frekwensieverdelings en grafiese voorstellings. Beskrywende maatstawwe van lokaliteit en spreiding. Inleidende waarskynlikheidsleer. Identifisering, gebruik, evaluering en interpretasie van statistiese rekenaarpakkette en statistiese tegnieke. Die weeklikse een uur prakties word gedurende die laaste sewe weke van die semester aangebied.

---

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.